# Romeine 11:25-29 en Dispensasionalisme

## Romeine 9-11

In hierdie hoofstukke staan baie geskryf oor die verhouding van Israel en die kerk. Hoe het Paulus, in die konteks van die brief aan die gemeente in Rome, waarin ook Jode was, aan dié onderwerp gekom?

Ek sien dit só: Romeine 8 word afgesluit met "… *ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie*" (Rom. 8:38, 39). Dit bring die vraag: en Israel dan? Is Israel nie reeds van die liefde van God geskei nie? Is Israel die toetssaak vir die betroubaarheid van God Jahweh?

Dan noem Paulus die voorregte op wat Israel van Jahweh ontvang het (Rom. 9:1-5), maar hy moet met groot droefheid konstateer dat Israel nou met leë hande staan. Het Jahweh die gegewe voorregte van die Jode afgeneem? Het Hy sy belofte verbreek (v. 6)? Wil Hy, miskien vanweë die moord op sy Seun Jesus Christus, niks meer met dié volk te make hê nie? Dit sou nie so vreemd wees nie.

Daar is ewenwel geen sprake van nie. Daar was altyd 'n deel van Israel wat die gegewe voorregte in dankbaarheid aanvaar het — daar was altyd 'n 'oorblyfsel' wat getrou was. Dit was die ware Israel, die egte Abrahamskinders wat nie net die bloed van Abraham gehad het nie, maar ook sy geloof. *Jahweh het altyd self gesorg dat daar so 'n vroom oorblyfsel is* (Rom. 9:6-7).

So kon die heilsgeskiedenis altyd voortgaan.

## Voorbeelde van die trou van Jahweh

'n Voorbeeld uit die tyd van Elia (Rom. 11:4). Waarom, en waardeur, is mense in die tyd van Elia vir afvalligheid van Jahweh behoed? Omdat Jahweh in verband met die redding van die hele wêreld, verder met Israel wou werk. Waarom word juis seweduisend vir die afval behoed? Geen mens weet nie, maar dit staan vas dat Jahweh deur juis dié seweduisend van ontrou te bewaar, geen ongeregtigheid teen die ander Israeliete van die tyd begaan het nie. Hy was nie verplig om self maar één van ontrou te behoed nie.

Toe Israel by Sinai ontrou geword het en die goue kalf vereer het, het Jahweh net 'n deel van die volk omgebring en die res gespaar. Was dit onregverdig? Nee, want almal het die doodstraf verdien. Daarom sê Jahweh vir Moses:

> *"Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."*

Rom. 9:15

Jahweh was tog ook nie verplig om aan die halsstarrige moordenaar, Farao, genade te betoon nie? Die man het seer sekerlik die doodstraf verdien, en Jahweh beslis dit so en voer dit uit: Ek verleen geen grasie aan die man nie. Ook dít is tog allermins onregverdig? God verleen dus grasie aan die sondaar aan wie Hy grasie wil verleen en Hy maak ander sondaars halsstarrig, naamlik diegene aan wie Hy nie grasie wil verleen nie (lees Rom. 9:18).

## Die trou van Jahweh in die tyd van Paulus

Dit is ook die geval in die tyd van Paulus. Die groot meerderheid van die volk en hulle leierskap het ontrou geword en die vreeslikste ding begaan: die Messias vermoor. Rede genoeg vir Jahweh om totaal met daardie volk te breek. Het Hy dit gedoen? Nee.

Jahweh maak weer 'n oorblyfsel van die volk getrou, al was Hy nie verplig om dit te doen nie. Was daar 'n oorblyfsel in die tyd van Paulus? Ja seker, sê Paulus, kyk maar na my (Rom. 11:1-4). Paulus het natuurlik ook geweet dat daar oral gemeentes van Christus was waaraan Jode behoort het — dink maar aan die gemeente van Jerusalem. Hy konkludeer dan in Romeine 11:5: "*Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ŉ oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade*". Weer blyk die trou van Jahweh.

Vervolgens wys Paulus daarop dat die trou van Jahweh aan sy volk ook daarin blyk dat Hy die tyd van bekering nie vir die Jode afgesluit het nie. Dit is wat Hy met Farao gedoen het. Paulus self werk kliphard om die heidene tot geloof in Christus te bring, deels om daarmee jaloesie by die Jode te wek (Rom. 11:13-14). Hy is kennelik daarvan oortuig dat Jahweh nie die deur vir die Jode gesluit het nie. Hy verklaar immers dat as Jode hulle tot Jesus as hulle Messias bekeer, hulle weer ingeënt sal word op die goeie olyfboom (Rom. 11:23-24).

## Die deur staan oop vir Jode en nie-Jode

Die geheim van die trou van Jahweh; dít is waaroor Paulus in Romeine 11:25 skryf. Die deur bly oop vir die Jode. In werklikheid is Jahweh op die uitkyk of hulle na Hom terugkeer, net soos die vader in die gelykenis van die verlore seun. So lank as wat die geskiedenis sal duur, hou Hy die deur vir die Jode oop — totdat alle (deur Hom gekose) nie-Jode (deur Paulus steeds 'heidene' genoem) die koninkryk van God ingegaan het (alle heidene, of '*die volheid van die heidene*', Rom. 11:25). Gedurende die hele proses van die inbring van nie-Jode vind ook die proses van die ingaan van Jode plaas, omdat die deur oopbly en God self sorg dat daar altyd 'n oorblyfsel van sy volk ingaan. So kom alle uitverkore nie-Jode én alle uitverkore Jode binne ("die hele Israel", Rom. 11:26).

Ons wil beklemtoon dat die woordjie 'so' (Grieks 'houtδs', wat die primêre betekenis het van "op so ŉ manier") in Romeine 11:26 nie so verstaan kan word dat die verse die betekenis kry dat die ingaan van die Jode kronologies op die voltooide ingang van al die heidene volg nie.

## Konklusie

Romeine 11:25-26 sê niks van 'n toekomstige massabekering van die Jode nie, en ewemin van 'n duisendjarige ryk. Hiermee beweer ek nie dat Jahweh nie steeds 'n geweldige bekering onder die Jode kan skenk nie. Ons mag en moet trouens daarvoor bid. Ek beweer alleen dat 'n massabekering onder die Jode nie in die Bybel *belowe* word nie.

Die vervulling van die vele profesieë in die Ou Testament waarin toekomstige stoflike heil aan Israel beloof word, byvoorbeeld in Psalm 72, Jesaja 2:2-5, Jesaja 11:1-9, Miga 4:1-5, en van verskeie ander heilsbeloftes vir Israel, word in die 'ewige orde', waarin 'n materiële hemel en aarde met goud, pragtige waters, bome en volkome veiligheid sal wees, vervul; kennis (liefde en gehoorsaamheid) van Jahweh sal die aarde vervul soos die waters die seebodem bedek (Jes. 11:9).

W Wieringa

©2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.*